**2 Junie** **Skrifgedeelte: Johannes 6:22-40**
**Fokusgedeelte: DL, VD 1:6**

## Uitverkorenes kan beslis nie verlore gaan nie!

God kan sekere mense uitkies, maar hulle kan nogtans verlore gaan. "Nie elke uitverkiesing tot saligheid is onveranderlik nie, maar sommige uitverkorenes kan verlore gaan en gaan inderdaad ook vir ewig verlore, nieteenstaande enige besluit van God." So het die dwaalleraars geglo en die Sinode het natuurlik hierdie dwaling verwerp. Hierdie dwaling hou God as onmagtig en wispelturig voor en hou geen vaste versekering vir die gelowiges in nie.

Daarteenoor leer die Skrif dat iemand wat uitverkies is vir ewig gered is en nooit verlore kan gaan nie. Dit is immers die almagtige God wat hom of haar uitverkies het! Jesus gee aan ons hierdie versekering in Johannes 6:39-40: "En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan. Dit is die wil van my Vader dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan."

Dit gee aan my die heerlike troos dat as Jesus self sorg dat nie een van die uitverkorenes verlore sal gaan nie dit beslis nie kan gebeur nie! Daarom kan ek ook leef soos iemand wat weet: My ewige bestemming by God in die ewige lewe staan vas. Niks of niemand kan my uit sy hand ruk nie. Daarom kan ek my lewe aan Hom toewy en verseker weet dat dit nie tevergeefs sal wees nie.

Die waarheid dat enigeen wat in Jesus glo nooit verlore kan gaan nie maak 'n mens so oorvloedig dankbaar dat jou dankbaarheid geen perke ken nie!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~